# Nuusbrief / News Letter
# Oktober/October 2022



Dagsê

Jip, ek is terug want die komitee wou nie my bedanking aanvaar nie!!! Nou ja, daar is 'n paar goed op die lys:

Van my kant af (en seker van baie van julle af) wil ek graag vir die HEV komitee baie dankie sê vir alles wat hulle vir Blue Ridge doen. Dit lyk miskien nie vir almal so nie, maar ek dink min mense besef hoe hard hulle werk. En dan word hulle nie eers betaal nie! Die komitee bestaan uit:
Gerrie Germishuizen
Leon Neveling
Reinet van Huyssteen
Konrad Teichert
Nico Botha
Tertius Teichert en
Willem van der Merwe
Baie dankie vir al die tyd en moeite wat julle vir Blue Ridge doen.

**Verwydering van vullissakke**:
Vullissakke moet voor 07h00 op 'n Vrydag in die vullishok geplaas word. Onthou ook asb om die blou sakke by die ander blou sakke te sit en dieselfde met die swart en groen sakke. Dit maak dit vir Killer BAIE moeilik as alles soos 'voor die Skepping' lyk.

Good day!

Believe it or not, I'm back because the committee wouldn't accept my resignation!!! Well, let's get going.

I would like to thank the HOA committee for all the hard work they put into Blue Ridge. (I'm sure a lot of you feel the same). It might not seem like it, but I think quite a few people do not know how hard they really work and they don't even get paid for it!



They are:
Gerrie Germishuizen
Leon Neveling
Reinet van Huyssteen
Konrad Teichert
Nico Botha
Tertius Teichert and
Willem van der Merwe
Thank you! Not many people know how much time, effort and hours you put into Blue Ridge!




**Plakkers vir motors vir ingang**
Soos meeste van julle alreeds weet, is daar ‘n sekuriteitswag by die ingangshek wat die vragmotors kontroleer.
Daar sal eersdaags plakkers vir eienaars beskikbaar wees. Elke huis sal 2 gratis plakkers ontvang en addisionele plakkers kan teen R20 per plakker by die komitee aangekoop word. Ons vra mooi dat inwoners dit net op hul eie voertuie sal gebruik en nie uitgee vir tuindienste, huishulpe, afleweringsvoertuie, familie, vriende ens nie

**Toegang aan agente**
Eiendomsagente moet by Status-Mark registreer en die induksiekursus voltooi.

Blue Ridge groei teen ‘n geweldinge tempo en ons geniet dit om nuwe intrekkers te verwelkom. In 2013, toe ons hier aangekom het, was daar net 7 huise. By die einde van die jaar sal BR amper 75% vol wees.Wat ‘n wonderllike plekkie om in te woon. Aangesien ons nou so baie mense hier is, en elkeen van ons is anders, vra ons dat almal mekaar respekteer. Dit maak alles net makliker.



**Removal of refuse bags:**
Refuse bags must be dropped off in the refuse room before 07h00 on Fridays. Please remember to put blue bags with blue bags and green with green and the same with black bags. It is very difficult for Killer if all the bags are untidy and all muddled up.



**Stickers for vehicles:**
As most of you know, we have a security guard at the gate to control the trucks for all the building sites. There will soon be stickers available for cars (2 per household.) Additional stickers will be available at R20 per sticker from the committee.
Please, we ask that owners only use these on their own cars an not give it to garden services, domestic workers, gardeners, delivery vehicles, familly, friends, etc

**Access to Agents**
Real estate agents must please register at Status-Mark and finish the induction course.

Blue Ridge is growing at a fast pace, and we enjoy welcoming new owners. BR will be almost 75% full by the end of the year. In 2013, when we arrived here, there were only 7 houses. What a wonderful estate to live in.

**Einde van die jaar-braai**
Ons dink daaraan om aan die einde van die 2de of derde week van Desember, 'n Jaareinde braai te hou. Ons kon dit ongelukkig nie verlede jaar doen nie, aangesien dit gereën het.

Almal bring hulle braais, drinkgoed, vleis, kos ens. en ons gesels dat die biesies beef en probeer die land se probleme,veral ESKOM, uit te sorteer (wonder of dit moontlik is?!?!)



Baie dankie aan ieder en elk vir die pragtige tuine. Dit is so lekker om in die strate af te stap en te sien hoe elkeen, op sy eie manier, sy tuintjie netjies en mooi hou.

Laaste, maar beslis nie die minste nie, wil ek namens almal by Blue Ridge baie dankie vir Renzke van Status-Mark sê vir alles wat sy oor die aflope 9 jaar vir Blue Ridge gedoen het. Niks was ooit vir haar moeite gewees nie. Ons gaan jou MIS! Sterkte vir die lewe vorentoe!

En so groet ons weer tot 'n volgende keer!

Baai for now!

Linda

Because we are so many people in a small space, and nobody is the same, we want to ask everyone to please respect each other. It just makes everything so much better.

**End of the year braai**
We are thinking of having an 'End of the Year Braai' in the 2nd or 3rd week of December. Unfortunately we couldn't do it last year because of the rain. Everyone brings his own braai, drinks, meat, salads, etc and we chat, get to know each other better and try to sort out our country's problems, especially ESKOM! (would it ever be possible??)



What a pleasure it is to look at all the beautiful gardens. Although our stands are very small, you make it look so pretty. It is wonderful to see how everyone maintain it.

Last but not least, I would like to thank Renzke on behalf of Blue Ridge for what she did for us during the past 9 years. She was always there when we needed her. We're going to miss you! We wish you all the best of luck for the future!

Now it's time to say goodbye until the next time.

Bye for now!
Linda